KLEINMENSKLERE

Niki Breger, die eienaar en aankoper van Nicci Boutique, kies nie net klere vir modebewuste vroue nie - in Nicci Junior-klere kan jong, modebewuste juffers ook nou met die jongste modes spog. Dié reeks is nog net in Gauteng beskikbaar: in die Nicci Junior-winkel in Hyde Park en die Nicci Boutique in Eastgate. Bel 011 784 4141 vir meer inligting.

Modieuse inkopies!

Big Blue het 'n slim plan bedink as teenvoeter vir die plastiekinkopiesakke waarvoor ons deesdae moet betaal. Alle Big Blue-kliënte kry een van die oulike sakke, wat deur die jare sestig geïnspireer is, verniet saam met 'n aankopie. Die inkopiesak is van 'n omgewingsvriendelike materiaal gemaak - dieselfde as Super Wipes in die kombuis - en kan herhaaldelik gebruik word. As die sak oud raak, kan dit opgesny en as 'n vloerlap gebruik word.
'n Baie slim idee!
Bel 011 403 3584 vir meer inligting.

MODEWEEK

Die Nederburg-modeweek word van 20-24 Augustus in die nuwe International Convention Centre in Kaapstad gehou waar Suid-Afrika se topmodeontwerpers hul klerereekse vir Somer 2003/4 sal bekend stel. Dié gebeurtenis word as die toonaangewendste modeskouspel in die land beskou. Dis 'n jaarlikse instelling waar almal op die hoogte van die jongste style en neigings gebring word, voorwaar 'n geleentheid wat nie misgeloop moet word nie. Bel 021 448 2020 vir meer inligting.

VRA DIE KENNER

MOENIE DINK JY IS ALLEEN AS JY NIE HEELTEMAL TEVREDE MET JOU VOORKOMS IS NIE. CHATA ROMANO HET RAAD VIR ENIGE PROBLEEM WAT JOU WIL ONDERKRY

V Ek wil baie graag lank en skraal lyk. Ek het regtig alles probeer om gewig te verloor, maar dit lyk of niks help nie! Ek werk in die week en onthaal graag naweke. Watter style sal die beste by my lewenstyl pas?

A Jy sal verstom wees oor die wonderlike resultate wat jy met die regte klere sal kry. Dié twee voorkomste sal jou styl in die week en naweke pas:

- Vermy oorknoopstyle: 'n mens se oog kyk outomaties van wes na oos en 'n oorknoopbaadjie of -jas laat jou heupe breër lyk. Dra baadjies wat nie oorknoop nie: 'n mens kyk dan van noord na suid, wat jou heupe kleiner laat lyk.
- Vermy lospassende klere. Hoe losser die styl, hoe groter die lyf!
- Vermy klere met groot motiewe. Kleiner motiewe en effekleure laat jou dadelik maerder lyk.
- Vermy kort baadjies. 'n Langer baadjie laat breër heupe smaller lyk.
- Dra ligter kleure bo en donkerder kleure onder, nooit andersom nie, want dit sal jou bo baie swaarder laat lyk.

Stuur jou voorkomsvrae aan Chata Romano by chata@chataromano.com
Vir meer inligting en navrae oor Chata Romano International, besoek die webwerf by www.chataromano.com